## HOËRSKOOL STRAND

## MIV VIGS-BELEID

### 1. INLEIDING

Hoërskool Strand erken dat VIGS (verworwe immuniteitsgebrek-sindroom) 'n nasionale gesondheidsprobleem meebring wat ook ernstige implikasies vir die funksionering van die skool en vir die gehalte van werkslewe van die personeel en gehalte leer van die leerders kan inhou. Die Departement van Onderwys erken ook inderdaad die erns van die afmetings en voel dat veel gedoen kan word om die impak van hierdie siekte te beheer.

Die skool besef dat MIV/VIGS geen maatskaplike, geslags-, ouderdoms- of rassegrense ken nie. Hoërskool Strand weet dat, op grond van huidige mediese en wetenskaplike bewyse, MIV nie deur toevallige persoonlike kontak onder normale werkstoestande oorgedra kan word nie; en dat dit onder sodanige toestande nie 'n risiko vir die gesondheid of veiligheid van die opvoeder of die leerder inhou nie.

Gevolglik is 'n beleid en maatreëls nodig om die aangeleentheid pro-aktief sowel as reaktief aan te spreek. Sodanige beleidsplan behoort by te dra tot die effektiewe bekamping van die verspreiding van die virus binne die konteks van die publieke opvoedingsisteem.

In hierdie beleid, tensy die samehang anders aandui, het die onderstaande woorde die volgende betekenis:

| | |
|---|---|
| **ART:** | Antiretrovirale terapie |
| **VIGS:** | Verworwe immuniteitsgebreksindroom |
| **Vertroulikheid:** | Die weghouding van persoonlike inligting oor ‘n leerder/opvoeder tensy die leerder/opvoeder toestem om die te openbaar |
| **Berading:** | 'n Gestruktureerde proses waarvolgens 'n persoon van raad en bystand voorsien word om beheer oor probleme of uitdagings in sy/haar eie lewe te neem. |
| **Diskriminasie:** | Om 'n persoon onbillik anders te behandel, bv. op grond van ras, kleur, seksuele oriëntasie, geslag of MIV-status. |
| **Epidemie:** | 'n Siekte wat vinnig oor ‘n demografiese gebied van die menslike bevolking versprei. |

**Evalueer:** Beoordeling van die impak en resultate van spesifieke aksies wat op 'n gegewe tydstip geneem word.

**Hoërisikogedrag:** Deelname aan aktiwiteit of die volg van prosedures wat sal lei tot skade aan jouself, of om nie algemene voorsorgmaatreëls in die werkplek toe te pas nie.

**MIV:** Menslike immuniteitsgebrekvirus

**Immuniteitstelsel:** 'n Komplekse stelsel van selle en stowwe wat die liggaam teen die skadelike gevolge van infeksie te beskerm.

**Ingeligte toestemming:** Toestemming wat gegee word deur ‘n persoon wat die aard van die toets(e) verstaan en gewillig is om die toets(e) te ondergaan.

VIGS word veroorsaak deur 'n virus wat bekend staan as MIV (menslike immuniteitsgebrek virus) wat die liggaam se natuurlike verdedigingsisteem aantas en dit onbeskerm laat teen opportunistiese infeksies en toestande.

Dit is nog nie duidelik of alle persone wat MIV-geïnfekteer is VIGS sal ontwikkel nie. Ongeveer 90-95% van alle MIV-geïnfekteerde persone sal wel VIGS binne tien jaar vanaf besmetting met die virus ontwikkel. Persone wat met die MI-virus geïnfekteer is, beweeg gewoonlik deur verskillende kliniese stadiums wat oor 'n lang tydperk kan voorkom (gewoonlik vyf tot twaalf jaar) en is die volgende:

1) Asimptomatiese fase
2) Geringe simptomatiese fase
3) Simptomatiese fase
4) Gevorderde simptomatiese fase
5) Terminale fase

Daar is ook geen vaksine beskikbaar om te voorkom dat nie-geïnfekteerde persone geïnfekteer raak met die virus nie.

MIV-infeksie word hoofsaaklik oorgedra by wyse van seksuele omgang met ‘n persoon wat 'n draer van die virus is. Die virus kan ook oorgedra word deur direkte kontak met menslike bloed, liggaamsvloeistowwe of weefsel soos wanneer dieselfde naalde gedeel word deur intraveneuse-middel-gebruikers, bloedoortappings en babas met MIV geïnfekteerde moeders voor of gedurende geboorte en deur borsvoeding.

Daar bestaan 'n noue verwantskap tussen algemene seksueel oordraagbare siekte en MIV/VIGS. Die voorkoming van seksueel oordraagbare siektes kan beskou word as die belangrikste en effektiefste strategie om MIV/VIGS voorkoms te beheer.

Tuberkulose is die ernstigste en lewensbedreigendste infeksie in mense wat MIV/VIGS-besmet is en 50 tot 60% van alle persone wat met die MI-virus besmet is sal tuberkulose ontwikkel of heraktiveer.

Daar is geen bewyse dat die MI-virus oorgedra word deur aktiwiteite soos hoes en nies of deur die gemeenskaplike gebruik van eetgerei of toiletgeriewe nie. Normale sosiale kontak in die werkplek hou dus geen gevaar vir infeksie in nie. Derhalwe is daar geen mediese rede om die toegang van MIV/VIGS-geïnfekteerde persone tot die skool op enige wyse te beperk nie en aanvaar die skool die hieropvolgende beleid.

**2. ONDERNEMING**

By Hoërskool Strand onderneem ons:

Om saam met die Provinsiale en Nasionale Departemente van Onderwys te werk aan die bewusmaking van ons leerders, opvoeders en breër personeel t.o.v. die MIV/VIGS verskynsel en die bestryding daarvan te bevorder.

Om deurlopend met ander opvoedkundige instansies oor die VIGS kwessie te konsulteer.

Om alles billik binne ons vermoë te doen ter bekamping van die verspreiding van MIV/VIGS. (Dit sluit alle skoolgeboue, sportvelde, skoolterreine en toere in.)

Om ons MIV/VIGS beleid aan alle ouers en ander belanghebbendes bekend te maak.

**3. BEGINSELS**

Hoërskool Strand streef daarna om 'n leeromgewing te skep waar:

3.1 Leerders aangemoedig word om veilige praktyke te beoefen

3.2 Leerders/Opvoeders met MIV/VIGS met waardigheid, deernis en respek behandel word

3.3 'n Veilige en gesonde werksomgewing vir alle leerders en opvoeders verseker word en in stand gehou word

3.4 Verder MIV-besmetting voorkom word

3.5 Onbillike diskriminasie, stigmatisering en vooroordeel jeens leerders/opvoeders met MIV/VIGS verhoed word

3.6 Vrees en paniek ten opsigte van die siekte onder leerders minimeer word

3.7 Openbaarmaking deur MIV-positiewe leerders/opvoeders aangemoedig word, sonder vrees vir viktimisasie of benadeling

3.8 Die lynbestuur in staat gestel word om by MIV/VIGS-verwante gevalle toepaslik te reageer

3.9 Alle leerders en opvoeder toegang tot opleiding, inligting- en beradingsdienste met betrekking tot MIV/VIGS het.

**4. VOORKOMENDE PROGRAMME EN VOORKOMINGSTRATEGIEë**

4.1 MIV- en vigsbewustheidsprogramme (uitdeel van rooi vigsstrikkies aan die leerders)

4.2 Vrywillige MIV-toetse en beradingsprogramme

4.3 Stel standaarde van optrede wat van alle opvoeders verwag word

4.4 Lig leerders/opvoeder in oor bystand wat beskikbaar is

4.5 Die skep van 'n oop, aanvarende omgewingsopvoeding en –opleiding

4.6 Ouers word ingelig oor vigs-opvoedingsprogramme in die skool

4.7 Inligtingsplakkate in die skool en handleidings vir elke klaskamer

4.8 Opleidingsvideo's en DVD's, elektroniese media, gassprekerprogramme, werksessies

4.9 Alle leerders en opvoeders behoort inligting te kry in sake die universele protokol vir die hantering van bloedstortings.

4.10 Benodigdhede wat in die nood- en voorkomingsplan teen besmetting genoem word, moet beskikbaar en binne bereik wees vir die leerders en opvoeders

**5. VOORKOMINGSPLAN**

5.1 Alle persone moet as moontlik MIV-geïnfekteer beskou word en alle leerders/opvoeders moet die voorkomingsmaatreëls ten alle tye toepas. Die nodige voorsorgmaatreëls moet getref word of voorsien word indien 'n leerder/opvoeder in kontak kom met menslike bloed of ander liggaamvloeistowwe of weefsel.

5.2 'n Leerder/opvoeder wat in kontak was met bloed, ander liggaamvloeistowwe of weefsel moet haar hande deeglik was met seep of antiseptiese middel.

5.3 Alle ooglopende snye en sere moet bedek word met waterdigte pleisters wanneer met ander persone in aanraking kom.

5.4 Leerders/opvoeders moet ten alle tye versigtig wees om nie beserings op te doen wanneer skerp instrumente hanteer word nie.

5.5 Naalde moet uiters versigtig hanteer word en in 'n digte houer geplaas word vir vernietiging. Naalde mag op geen stadium herbruik word nie.

5.6 Indien bloed opgemerk word op enige oppervlak moet dit onmiddellik aan 'n opvoeder gerapporteer en met nodige voorsorg hanteer word.

5.7 Persone wat geringe beserings opdoen moet verkieslik self die beserings reinig en bloed verwyder.

5.8 Indien blootstelling van bloed of ander liggaamsvloeistowwe aan oë of mond voorkom, spoel onmiddellik uit met water. Laat wonde toe om vrylik te bloei vir 'n paar minute indien besering met 'n skerp voorwerp of gekontamineer met bloed.

5.9 Indien 'n situasie vir mond-tot-mond asemhaling hom voordoen, vermy direkte kontak met saliva of ander ander vloeistof uitruiling deur gebruik te maak van 'n mond-tot-mond asemhaling mondstuk of 'n dun deurlaatbare bedekking soos byvoorbeeld 'n sakdoek.

5.10 Indien die noodhulpkissies nie binne bereik is nie, moet elke klas in besit wees van die volgende:

- Latekshandskoene
- Bleikmiddel
- Ontsmetmiddel
- Waterdigte verband

Die veiligheidsmaatreëls in die klaskamers is onder meer:

- Alle bloed en liggaamsvloeistowwe behoort mee gewerk te word asof dit besmet is met MIV en met uiterste sorg hanteer word.
- Latekshandskoene moet deur almal gedra te word wat help by ongelukke waar bloed gestort is.
- Alle wonde moet onmiddellik met water en 'n ontsmetmiddel skoongemaak word en met 'n waterdigte verband bedek word.
- Oppervlaktes wat met bloed besmet is moet met 'n bleikmiddeloplossing skoongemaak word.

## 6. BESMETTINGSNOODPLAN

Die volgende noodplan moet gevolg word in die gevalle van blootstelling aan bloed in die skoolopset:

6.1 Rapporteer die insident onmiddellik aan die MIV/VIGS koördineerder

6.2 Indien dit bekend is of bekend gemaak word dat die persoon wie se bloed ter sprake is (die bloeier) MIV-positief is moet:

- Die persoon wat blootgestel was verkieslik binne een uur na blootstelling na 'n kliniek, hospitaal of mediese praktisyn geneem word waar 'n bloedmonster geneem moet word.
- Antiretrovirale (AZT en 3TC) profilakse moet so spoedig moontlik toegedien word, verkieslik binne een tot twee ure na blootstelling.

6.3 Indien die bloeier se MIV-status onbekend is moet:

- Die bloeier versoek word om toe te stem tot 'n bloedtoets nadat die persoon se reg om te weier verduidelik is. Skriftelike toetstemming moet verkry word.
- Die persoon wat blootgestel was verkieslik binne een uur na blootstelling na 'n kliniek, hospitaal of mediese praktisyn geneem word waar ‘n bloedmonster geneem moet word vir ‘n basislyn.
- Antiretrovirale profilakse na omsigtige oorweging, gebaseer op die aard van die blootstelling, verkieslik binne een tot twee ure na blootstelling toegedien word.
- Die bloed van die blootgestelde asook die bloed van die bloeier na 'n laboratorium gestuur word en moet as dringend gemerk wees.

6.4 Opvoeders/leerders wat blootgestel was moet voorligting ontvang rakende die noodsaaklike voorsorg wat getref moet word om die risiko van oordrag wat mag bestaan te beperk. Die opvoeder/leerders wat blootgestel was en seksueel aktief is moet die nodige voorsorg tref vir veilige seksuele praktykvoering totdat die MIV-toetsing voltooi is en die gebruik van kondome moet aanbeveel word. In geval van vroulike blootgestelde persone moet swangerskap vermy word.

6.5 Die MIV/VIGS koördineerder moet toesien dat die blootgestelde persoon vir bloedtoetse gaan op 6 weke, 3 maande, 6 maande en 12 maande na die voorval.

6.6 Alle gevalle van blootstelling aan bloed moet aangemeld word. 'n Geskrewe gedetailleerde vertroulike verslag moet na blootstelling die volgende inligting omsluit:

- Tyd, datum, plek, aard en tipe besering/blootstelling
- Omstandighede van die besering/blootstelling
- Kliniese toestand van die bron/bloeier, met spesifieke verwysing na MIV-status en/of verwante tekens en simptome
- Indien die bloeier weier om status bekend te maak, stappe wat verder geneem is om status te bekom
- Status van blootgestelde persoon ten tye van besering/blootstelling
- Enige terapeutiese intervensies en medikasie geneem

6.7 Etiese aspekte moet gehandhaaf word en beide die bloeier en die blootgestelde persoon moet voortoets-berading ontvang voordat bloed getrek word. Nadat die uitslae bekend gemaak is, moet natoets-berading plaasvind, ongeag of die uitslag positief of negatief is.

6.8 Onder die volgende omstandighede is die risiko vir besmetting nie hoog nie en word profilakse nie aanbeveel nie:

- Gesonde, intakte vel blootgestel aan bloed en ander liggaamsvloeistowwe wat onmiddellik afgewas kan word
- Kontaminasie met urine en feses sonder sigbare bloed

## 7. LEWENSVAARDIGHEIDSPROGRAMME

By Hoërskool Strand word grade 8 - 12 tans gedurende Lewensoriëntering en Voorligting onderrig t.o.v. implikasies rakende MIV/VIGS. Leerders word ook van tyd tot tyd blootgestel aan geleentheidsprekers/kenners wat hul inlig t.o.v. die nuutste statistiek, tendense ens. rakende MIV/VIGS.

## 8. DIE BESTUUR VAN MIV/VIGS IN HOËRSKOOL STRAND

8.1 BEGINSELS

8.1.1 Daar sal nie teen enige leerder onregverdig gediskrimineer word nie en hulle sal nie toegang tot die skool geweier mag word op grond van hulle MIV-status nie.

8.1.2 Daar is geen mediese of wetenskaplike regverdiging vir gereelde MIV-toetse op leerders nie. Die toets van leerders vir MIV as 'n voorvereiste vir toelating of voorgesette bywoning word in die Nasionale Beleid verbied.

8.1.3 Geen leerder of personeellid sal verplig word om mediese toetse te ondergaan ten einde sy/haar MIV-status vas te stel nie. Die skool is egter ten gunste van vrywillige toetse wat in vertroulikheid hanteer word aangesien vroeë diagnose die verspreiding van die virus voorkom en behandeling, lewensverwagting en lewenskwaliteit verbeter.

8.1.4 Aangesien dit nie by ons skool se waardestelsel inpas nie, sal daar nie kondome in die skool uitgereik word nie.

8.1.5 Die gevaar dat MIV-oordrag deur kontaksport sal gebeur is onbeduidend. Maar as enige bloeding sou voorkom, moet die beseerde speler onmiddellik van die veld afgeneem en behandel word. Die speler kan weer begin speel wanneer die wond deeglik bedek en vuil klere omgeruil is. Leerders en afrigters met MIV moet mediese berading kry voordat hulle aan kontaksport deelneem.

8.2 LEERDERS WAT MIV-POSITIEF GETOETS WORD

8.2.1 Alle mediese inligting is vertroulik en nóg ouers, nóg leerders het 'n wetlike plig om die skoolowerhede in te lig oor 'n leerder se MIV-status. As die inligting vrywillig bekend gemaak word, moet dit vertroulik bly.

8.2.2 Indien 'n leerder MIV positief getoets word, sal die leerder nie die geleentheid ontsê word om sy/haar volle potensiaal te bereik nie.

8.2.3 Daar moet voorsiening gemaak word vir die behoeftes van ‘n MIV positiewe leerder sover as wat dit redelik moontlik is binne die skoolomgewing, of deur tuisonderrig, indien nodig.

8.2.4 Enige spesiale maatreëls wat getref word, moet regverdig, medies verantwoordbaar en na samesprekings met die leerder en die ouer ingestel word

**9. GRIEWEPROSEDURE**

Sou 'n leerder/opvoeder weier om saam met ‘n MIV-positiewe persoon te werk, sal daar verdere stappe gedoen word om die leerder in te lig oor die feit dat daar geen risiko van infeksie deur toevallige kontak is nie. Indien die leerder met sy/haar ongeregverdigde gedrag volhou, kan dissiplinêre optrede in ooreenstemming met Hoërskool Strand se dissiplinêre prosedures ter sprake kom.

Personeel wat MIV/VIGS-verwante griewe hanteer, moet die vertroulikheid van die leerder se mediese inligting beskerm.

**10. BERADING**

MIV/VIGS berading is beskikbaar by die skoolvoorligter of indien nodig sal ander professionele dienste aanbeveel word.

GETEKEN TE ……**Strand**……OP ………………………………………2016.

_____________________________ _____________________________

VOORSITTER SKOOLHOOF